

20 Oktober

Skrifgedeelte: Filippense 4:2-9
Fokusgedeelte: Filippense 4:6, 7

Gebed, onmisbaar in getuies se lewe

Blydskap in die Here word deur kwelling en besorgdheid onderdruk. Dit lei tot stryd en twis onder gelowiges. Sorgsaamheid moet daar wees, maar bekommernis (besorgdheid) is sonde.

Die Here vra hier dat ons eerder moet bid as om ons in besorgdheid te kwel. Vier woorde vir gebed word oorspronklik in vers 6 gebruik: gebed in die algemeen, smeekgebede, gebede waarin spesifieke nood aangedui word en laastens gebede wat algemene wense bekend maak. God is bereikbaar in alle omstandighede. Al hierdie gebede moet deurgaans met dankgebede gepaard gaan.

Deur gebed ervaar ons dat Christus naby ons is en word ons geloof in sy voorsienigheid versterk. Besorg wees en bid is verder van mekaar verwyder as water en vuur. Dit is nie so dat dié wat bid, alles kry wat hulle vra nie, maar hulle ontvang wel God se vrede. Die sorg van mense kom uit hulle harte. Die vrede wat deur gebed ontvang word, kom uit God se hart.

Dit is 'n vrede wat alle verstand te bowe gaan. Dit is groter as wat mens ooit kan dink, of dit oortref alles waartoe 'n mens in staat is. Daarom kon Paulus en Silas lofliedere in die tronk sing nadat hulle gebid het. Hierdie vrede gee aanleiding tot blydskap in die Here wat weer in vriendelikheid, welwillendheid en grootmoedigheid teenoor ander tot uiting kom.

Euodia en Sintige was invloedryke vroue wat hard gewerk het in die gemeente. Hulle onderlinge twis was sondig. Paulus beklemtoon dat gelowiges hulle in die Here moet verbly deur intens te bid, sodat moeilike omstandighede en stryd deur blydskap en vreugde in die Here oorwin kan word. Die blydskap en vreugde in die Here, wat opgewek word deur innige gebed tot God, sal onder alle omstandighede die moontlike spanning tussen mense, asook alle moeite en druk in die kerk oorheers.

Sing: Skrifberyming 17-1 (17):1, 5, 6

Ds. HW Schutte (Noord-Oosrand)